Weekbrief 01/2020

17 Januarie 2020

HOËRSKOOL PORTERVILLE

TROTS RESPEK DISSIPLINE BULLE

Posbus 22, PORTERVILLE, 6810
TEL: 022 9312174 FAKS: 022 9313321 EPOS: sekretaresse@porterhs.co.za

1870 2020

BAIE WELKOM aan alle nuwe ouers, leerders en onderwysers. Ons vertrou dat u verbintenis met Hoërskool Porterville baie aangenaam sal wees. Baie welkom terug aan ons oudleerders en hulle ouers.

Reëlings rakende die geel, maroen en navy T-hemp vir Huis-Atletiek

Gr 3-12:

Indien u kind 'n T-hemp het, dra hulle dit. Indien u kind nie 'n T-hemp het nie, dra hulle enige skoolsporthemp.

Gr 1-2

Dra hul nuwe skoolklere na die Huis-Atletiek.

HSP MATRIEKS 2019

Dankie vir al u oproepe van gelukwensing met die matrikulante se uitslae en u boodskappe van voorspoed vir die 2020-jaar! Met ons hand in die Allerhoogste s'n kan dit net 'n mooi jaar wees wat vir ons voorlê. Ons as personeel is saam met die matrikulante en hul ouers baie trots op hul goeie uitslae. Let op die volgende:

MATRIEKUITSLAE 2019

Weereens 100% Slaagsyfer!

81,03% Matrikulasie vrystelling

* 58 Matriekkandidate
* 81.03% het Matrikulasie vrystelling!
* 100% het Diploma vrystelling!
* Daar was 57 vakonderskeidings (A-simbole), 99 B-simbole en 93 C- simbole.
* Klasgemiddelde 61.66%
* 62.07% (36/58) het 'n gemiddelde van 60% en op

5 matrieks behaal 'n A-gemiddeld:

Anlu Behm (82.86%), Rohan Knoetzen (84.86%), Mariechen van Baalen (85%), Andrea Bester (86.71%) & Petro Janse van Rensburg (87.14%)

Ons Top Presteerder is Petro Janse van Rensburg met 'n gemiddeld van 87.14 %.

Baie geluk!

10 matrieks behaal 'n B-gemiddeld, naamlik:

Carmelite Sofat, Bianca Jordaan, Cassidy Visser, Tayleyea Fransman, Milano Waterboer, Christiaan Burger, Antoinette Burger, Jacques Marais, Michelle Brits, & Lana Swanepoel.

21 matrieks behaal 'n C-gemiddeld, naamlik:

Mikhail van Niekerk, Anri Hanekom, Jan Hendrik Basson, Shaunice Stevens, Philippa Louwrens, Roxette Meyer, Miché Farao, Anke van der Merwe, Lindie Landman, Nicole Cloete, Minette Petersen, Layton Kok. Engela Kretschmer, Wilberd Waterboer, Hanneke Kuhn, Queron Nasson, Amé Venter, Cuan Otto, Krishna Paulsen, Keasha Paulsen & Kiechell Patience.

Baie geluk! Ons is trots op elke leerder wat goed presteer het!!

SKOOLFONDS

Die totale skoolfonds per leerder per jaar is R13500. Die skoolfonds kan as volg betaal word:

Opsie 1 (10 maande)
R1350 x10 maande van Januarie tot Oktober

Opsie 2 (11 maande)
R1500 x11 maande van Januarie tot November

Indien u omstandighede van so 'n aard is dat u nie volgens die verskillende opsies kan betaal nie, moet u ons asseblief skriftelik in kennis stel, gerig aan die Skoolhoof en ons sal dan met u in gesprek tree.

Die Beheerliggaam wil 'n ernstige beroep op u doen om sover moontlik die skoolfonds per aftrekorder te betaal. Aftrekorders moet direk by die bank gereël word en die eerste betaling moet gedurende Januarie plaasvind. Ons herinner ook dié ouers wat reeds van aftrekorders gebruik maak, om dit asseblief by die bank te verander, sodat dit vanaf Januarie verhoog word. Die skool se bankbesonderhede vir aftrekorders is soos volg:

Bank	:	Absa, Porterville
Takkode	:	334407
Rekeningnommer	:	2100390046
Rekeningnaam	:	Hoërskool Porterville
Tipe Rekening	:	Tjekrekening

Indien u van Internetbetaling gebruik maak, moet u asseblief u kind se naam en van op die inbetalingstrokie meld. Faks alle inbetalingstrokies aan: **Mev. Kriel by 022 931 3321 of e-pos na admin@porterhs.co.za.**

LOSIESGELD VIR HUIS VAN RIEBEECK 2020

Die totale losiesgeld per leerder per jaar is R19 200. Die losiesgeld kan as volg betaal word:

Opsie 1 (per kwartaal)
R4800 per kwartaal

Opsie 2 (10 maande)
R1920 x10 maande van Januarie tot Oktober

Bank	:	Absa, Porterville
Takkode	:	334407
Rekeningnommer	:	2100142913
Rekeningnaam	:	Huis van Riebeeck
Tipe Rekening	:	Tjekrekening

Indien u van Internetbetaling gebruik maak, moet u asseblief u kind se naam en van op die inbetalingstrokie meld. Faks alle inbetalingstrokies aan: **Mev. Kriel by 022 931 3321 of e-pos na admin@porterhs.co.za.**